# KOMMENTAAR OP DIE BESPREKINGSDOKUMENT: DIE ONTWIKKELING VAN 'N KERNSILLABUS VIR OMGEWINGSOPVOEDING IN SUID AFRIKA

**Daan Schreuder**
OOPUS, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

## ALGEMEEN

Die eerste reaksie op hierdie dokument is dat die tydsberekening daarvan baie goed is, daar dit saamval met grondige veranderinge in algemene onderwysbeleid en - praktyk in suider Afrika. Daar is 'n wye eenstemmigheid dat omgewingsopvoeding juis hierdie vernuwende denke moet inlei, en nie volg nie.

Die Raad vir die Omgewing verdien gelukwense met hierdie inisiatief; dit is inderdaad prysenswaardig dat 'n werkgroep buite die formele onderwyssektor oor die afgelope aantal jare betekenisvolle bydraes gemaak het tot die bevordering van die konsep van omgewingsopvoeding in die formele kurrikula in die land.

By noukeurige bestudering van die dokument is daar egter 'n hele aantal aspekte wat sorg wek; beide wat betref die werkwyse wat gevolg is en steeds word (gerieflikheidshalwe sal dit onder die hofie PROSES bespreek word) en die rasionaal en inhoud van die dokument.

## DIE PROSES

Dit is nie duidelik wie ingesluit is in die werkgroep wat die dokument saamgestel het nie. Dit is egter duidelik dat dit saamgestel is te midde van ernstige verontagsaming van die beginsels van konsultasie en inklusiwiteit. Om te verwys na "raadpleging met 'n groep onderwysbeplanners [sic] by 'n Nasionale Konferensie..." slaag nie daarin om hierdie leemte te bedek nie. Trouens, die organiseerders van hierdie Werkwinkel (EEPI) verdien apologie, aangesien sommige lede van die werkgroep verantwoordelik vir die opstel van hierdie dokument te goeder trou uitgenooi is om hierdie geleentheid by te woon. Dit wil voorkom of hierdie uitnodiging tot 'n mate misbruik is. Dit wat by hierdie werkwinkel bespreek is, word nie deur hierdie dokument gereflekteer nie, behalwe daardie onbenullige, selfs vanselfsprekende waarhede (p. 7) wat die argument gerieflikheidshalwe ondersteun. Daar is 'n gulde kans verspeel om in te skakel by 'n proses wat vir 'n geruime tyd, op demokratiese en weldeurdagte wyse, konstruktief poog om beleidmaking ten opsigte van omgewingsopvoeding in formele onderwys te beinvloed.

Daar was wel tydens die werkwinkel in Augustus 'n poging om 'n kurrikulum van dieselfde werkgroep vir omgewingsopvoeding (wat op daardie stadium in 'n gevorderde stadium van ontwikkeling was, maar nie wyd gesirkuleer is vir kommentaar nie) aan die deelnemers aan te bied. Dit het meer protes uitgelok as waarop die betrokke opstellers bedag was, veral vanweë die ondemokratiese proses wat in die voorbereiding daarvan gevolg is. Ook in sommige van die landwye opvolgwerkwinkels het hierdie gevoel sterk deurgekom.

Dit is verstommend dat die opstellers voortgaan met 'n benadering tot "kurrikulumontwikkeling" en "onderwysvernuwing" wat wyd beskou word as een van die grootste aanleidende oorsake van die algemene agterdog wat tans plaaslik in formele onderwys heers. Dit is juis hierdie eensydige benadering tot "vernuwing" wat tot verwarring en onsekerheid, en 'n gevoel van totale onbekwaamheid en ontmagtiging by die implementeerders van vernuwing (die onderwysers) lei. Daar is min twyfel dat dit die oorsaak is van (in die woorde van die verslag) "...verdediging-standpunte [sic] binne formele opvoeding ... (wat) deels verantwoordelik vir baie van hierdie traagheid (was)..." (p. 10). In hierdie lig beskou, sal aanvaarding van hierdie "sillabus" deur onderwysowerhede baie min impak op bestaande tersiêre kurrikula hê aangesien dit met dieselfde weerstand deur die implementeerders bejeën sal word.

Dit sal die werkgroep verantwoordelik vir hierdie

dokument ongetwyfeld baat om eerder saam met as teen die EEPI-proses te werk. Dit was juis hierdie proses wat dr John Fien (Griffiths Universiteit) en mnr Peter Martin (WWF, V.K.) die meeste getref het as uniek en veel meer produktief as die meer outokratiese vernuwingspogings waarby hulle self betrokke is.

Daar is sekerlik meriete in 'n outokratiese element in kurrikulumvernuwing - die geheim van legitimiteit is egter gesetel in gesonde balans tussen demokratiese deelname en outokrasie. *Om egter deur deursigtige stellings en halwe waarhede voor te gee dat daar wyd gekonsulteer is terwyl daar voldoende getuienis is dat dit nie werklik gebeur het nie is gewoon onverantwoordelik en onbekostigbaar in hierdie uiters sensitiewe tye.*

Dit is uiters jammer dat 'n dokument van hierdie komitee gekniehalter moet word deur ernstige bedenkinge oor die legitimiteit van die proses, en dus oor die inhoud self.

DIE INHOUD

Dit moet weer ten aanvang duidelik gestel word dat daar talle aspekte van die dokument is wat baie bruikbaar aangewend kan word, al is dit dan om kritiese dialoog oor 'n uiters relevante onderwerp te stimuleer. Daar is per slot van sake sekere basiese beginsels wat allerweë in omgewingsopvoeding aanvaar word. So is die "nagaanlys" van omgewingskonsepte (pp.13-20) wat in omgewingsopvoedingsprogramme ingesluit kan word omvattend, hoewel enkele begrippe as ietwat omstrede beskou mag word.

Ongelukkig kom die eng en selfs verouderde sienings van die opstellers - en soos hierbo geargumenteer is, die gebrek aan konsultasie en inklusiwiteit - duidelik na vore in sommige argumente. Die sogenaamde sillabus is duidelik gerig op 'n middelklas-gemeenskap, met min inagneming van die werklike probleme van 'n suider Afrikaanse samelewing. Daar is talle vaaghede, en geykte interpretasies en aannames wat nie meer wye aanvaarding geniet nie. So byvoorbeeld word kontemporêre beskouings van omgewingsopvoeding as stimulant vir vernuwende denke oor 'n wye spektrum van gevestigde oriënterings in onderwys en opvoeding, nie duidelik genoeg gereflekteer nie. Sommige aannames in die dokument is ooglopend gebaseer op modernistiese sienings soos objektivisme, logies-positivisme en selfs reduksionisme. Dit laat die gevoel ontstaan dat die uiters konstruktiewe en kritiese dialoog wat in die hoofstroom van die plaaslike omgewings-opvoedingsgemeenskap gevoer word, oor die opwindende moontlikhede wat konstruktiewe post-moderne denke vir formele onderwys inhou, as irrelevant beskou word. Vreemd genoeg egter is dit juis laasgenoemde denkrigtings wat sterk aanklank vind by 'n betekenisvolle persentasie van onderwysleiers uit gemeenskappe wat deur 'n onbillike onderwysdispensasie benadeel is.

Enkele voorbeelde van onduidelikhede, vaaghede en onaanvaarbare teoretiese begrondings kan genoem word:

Par. 3: Evaluering (p. 7): Die hele paragraaf is 'n miskenning van baie goeie navorsing wat veral plaaslik oor hierdie aspek gedoen is, en die werk van OOGSA wat 'n hele werksessie hieraan afgestaan het. Die kort paragraaf word afgesluit met die volgende: "Evaluering van die produk op sy eie is onvoldoende om reg aan hierdie vak [sic] te laat geskied. Prosesevaluering moet ook gebruik word".

Glo die opstellers werklik dat dit die implementeerders sal oortuig om hierdie uiters moeilike veld te betree?

Die aanname dat "... kennis, waardes en vaardighede uitloop op toepaslike gedrag" (pp. 5-6) is naief en word nie deur enige resente navorsing ondersteun nie. Ongelukkig deursuur hierdie aanname talle van die daaropvolgende argumente, en gee dit aanleiding tot resepmatigheid ten opsigte van inhoud, leer en onderrig.

Die skema op p. 23 gee ook aanleiding tot groot verwarring, en is 'n voorbeeld van die resepmatigheid wat hierbo genoem is. Sou dit geinterpreteer kan word as dat 'n klein kind nie esteties kan waardeer nie? Of dat 'n volwasse nie persoonlike waardes kan "uitklaar" nie? As hierdie dokument bedoel is vir die tersiêre vlak, word daar slegs aandag gegee aan daardie soort aktiwiteite wat op volwassenheid van toepassing is?

Die omskrywing van holisme as 'n benadering wat "...waardes en vaardighede beklemtoon sowel as kennis" (p. 9) val ook op as 'n vreemde interpretasie. Verder verduidelik die skrywers nie waarom "onderrigting vir die omgewing" (p. 10) as meer "doeltreffend" as "onderrigting oor die omgewing" beskou word nie, of hoe die oningeligte die verskil tussen die twee benaderings moet interpreteer nie.

Die hele kwessie word verder gekompliseer deur lomp en uiters onprofessionele vertaalwerk en taalversorging wat grens aan minagting van die Afrikaanse taal. Dit is telkens nodig om na die Engelse teks te verwys om te probeer agterkom wat die skrywers bedoel. Te midde van redelik algemene kommer oor die toekoms van Afrikaans in 'n nuwe bestel is dit onsensitief en uiters onverantwoordelik. Onderhoudbaarheid, ekologiese suksesse, onderrigting, stralingsongelukke, waardes verpligting, navraagvaardighede en kompromiste is enkele voorbeelde van talle vreemde terme wat gebruik word. Veel erger nog is die feit dat talle stellings, ooglopend direk vertaal uit die oorspronklike, gewoon onverstaanbaar en dikwels selfs absurd is. Enkele voorbeelde hiervan volg hieronder:

"...oneindige omgewingskonferensies op nasionale en plaaslike vlak... " (p. 9).

"...dit kan gebruik word as 'n nagaanlys om behoeftes in gemeenskappe te identifiseer en hulle dan terug te bring na die basiese konsepte" (p. 13);

"...die volgende struktuur beveel sommige van die toepaslike metodes en prosesse voor wat van tyd tot tyd aangewend sal moet word" (p. 21);

"Uitdruklike dissiplines sal benodig word tesame met kommunikasie en kulturele dissiplines om die affektiewe elemente oor te dra en te beliggaam as waardesreaksies tot plaaslike omgewingskwessies" (p. 21).

"Om 'n waardering te bevorder vir verskillende standpunte as ons eie perspektiewe" (p. 13).

"So 'n kursus sal nie slegs die kenniselemente najaag wat eie is aan 'n enkele dissipline plus omgewingsopvoeding nie, maar oor die hele spektrum van die mens-omgewing koppelvlak uitbrei" (p. 21).

Dit will voorkom of hierdie onprofessionele versorging die gevolg kan wees van 'n byna koorsagtige haas om die dokument bekend te stel voordat EEPI 'n besprekingsdokument bekendstel. Die gevaar dat hierdie dokument deur enkele onderwysowerhede aangegryp kan word in 'n tyd wat deur onsekerheid gekenmerk word, is wesenlik.

Daar behoort ernstig besin te word oor hierdie dokument, en nouer skakeling met die Werkkomitee van EEPI lyk op hierdie stadium na een van die mees logiese wyses om meer legitimiteit en substans aan die inhoud te verleen. Die skrywer van hierdie kommentaar sal met graagte op aanvraag besonderhede van hierdie komitee verstrek.